Keurders (Bylae H)

Die SABT se keurders is in drie groepe verdeel.

1. Leerlingkeurders

1. Enige lid van die SABT kan aansoek doen om as leerlingkeurder opgelei te word.

2. Eerstens moet ’n telerskursus, wat oor twee dae strek, bygewoon word. Gedurende hierdie kursus sal teoretiese, sowel as praktiese werk behandel word. Kandidate kan ook aansoek doen om net die uitsluitlike keurderskursus te volg en kan by die betrokke raadslede vir enige kursus aansoek doen.

3. Ná afloop van die kursus word ’n teoretiese en praktiese eksamen afgelê.

4. Kandidate wat onderskeidelik ’n minimum van 80% en hoër tydens die teoretiese en praktiese eksamen behaal, kan by hul raadslid aansoek doen om verder as leerlingkeurder opgelei te word.

5. ’n Leerlingkeurder gaan saam met ’n senior keurder in die keurring. Tydens die beoordeling van die hond neem die leerlingkeurder waar wat die senior keurder en ander keurder(-s) doen. Die leerlingkeurder mag tydens die keurproses vrae aan die senior keurder vra. Nadat die keurproses afgehandel is, onderteken die leerlingkeurder die keurkaart en skryf *Leerling*, tesame met sy lidnommer, in hakies neer.

6. ’n Leerlingkeurder moet minstens 30 honde by drie verskillende keurpunte op hierdie manier keur alvorens hy/sy aansoek kan doen om as keurder getoets te word.

7. Leerlingkeurders mag op geen reis- en verblyfkostes aanspraak maak nie.

2. Keurders

1. Leerlingkeurders wat 30 honde en meer by drie verskillende keurpunte gekeur het, asook oor ’n grondige kennis van die Boerboel, rasstandaard, Grondwet en die SABT beskik, kan aansoek doen om as keurders getoets te word.

2. ’n Teoretiese eksamen word afgelê waarin die leerlingkeurder ten minste 80% moet behaal. Verder word die leerlingkeurder prakties getoets deur drie honde volledig voor ’n paneel van senior keurders te keur en daarna te bespreek.

3. Op grond van bogenoemde uitslae sal die leerlingkeurder dan tot keurder bevorder word.

4. Keurders moet ’n minimum van 50 Boerboele per jaar by minstens vyf keurpunte keur om sy/haar status as keurder te behou.

5. Keurders wat nie na wense presteer of nié ’n minimum van 50 Boerboele per jaar keur nie, se aanstelling sal deur die Raad teruggetrek word, waarna so ’n keurder weer die status van ’n leerlingkeurder sal hê. Daar sal egter nie teen ’n keurder opgetree word wat by ál die keurpunte wat aan hom/haar toegewys is, gekeur het, maar daar nie genoeg honde was om sy/haar kwota te vul nie.

6. Keurders moet jaarliks *Die Gedragskode vir Keurders* onderteken en die bepalings daarvan onderhou.

7. Keurders moet sorg dat hulle alle voorskrifte ten opsigte van die keursisteem en die optrede van keurders nakom. (Bylaes F, G, H, I, en J)

3. Senior keurders

1. Om tot senior keurder bevorder te word, moet ’n keurder alreeds meer as 100 Boerboele gekeur het.

2. ’n Komitee wat uit die SABT se voorsitter, ondervoorsitter en ’n aantal senior keurders bestaan, kan ná beraadslaging keurders uitnooi om getoets te word om te bepaal of sodanige keurders wel bevoeg is om as senior keurders te kan optree.

3. Slegs keurders wat oor ’n grondige kennis van die Boerboel, die rasstandaard, die Grondwet en sy Bylaes en die SABT in sy geheel beskik en wie se interpersoonlike verhoudings van hoë gehalte is, sal genooi word om vir senior keurders getoets te word.

4. Senior keurders moet jaarliks *Die gedragskode vir Keurders* onderteken en die bepalings daarvan onderhou.

5. Senior keurders kan ook as gewone keurders optree.

6. ’n Senior keurder mag onder buitengewone omstandighede alleen ’n Boerboel(-e) keur mits die voorsitter, ondervoorsitter of ’n lid van die Uitvoerende Komitee daarvan verwittig is.

7. Indien omstandighede dit vereis, mag twee gewone keurders met genoegsame ondervinding en kennis alleen in die keurring optree.

8. Alleenlik senior keurders en keurders wat vir keurpunte genomineer is, mag hul eise ten opsigte van reis- en verblyfkoste by die kantoor indien.

Let wel
Daar word van keurders verwag om nie Boerboele wat hulle self geteel het of besit, te keur nie. Die senior keurder moet daarvan verwittig word sodat hy/sy vir ’n plaasvervangende keurder kan reël.